

ST. IGNATIUS VAN ANTIOSIË

17 OKTOBER

(sterf c. 107)

Hy was biskop van Antiochië en word tydens die vervolging van die Christene gevange geneem en veroordeel om na Rome gestuur te word om daar tydens die bloeddorstige openbare spele in die amfiteater te sterf. Sy reis na Rome was egter geen treurige of tragiese affêre nie, oral waar hy gaan skryf hy bemoedigende briewe aan die plaaslike Christene. Enkele van dié briewe het bewaar gebly; daarin vind 'n mens geen klagtes oor sy toestand nie, maar 'n diep besorgdheid oor sy medegelowiges en 'n diepe dankbaarheid oor sy geloof.